



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**GESKIEDENIS V2  
NOVEMBER 2014  
ADDENDUM**

**Hierdie addendum bestaan uit 13 bladsye.**

**VRAAG 1: WATTER IMPAK HET DIE FILOSOFIE VAN SWART BEWUSSYN IN DIE 1970's OP DIE LEERDERS VAN SOWETO GEHAD?****BRON 1A**

Die uittreksel hieronder is deel van 'n voordrag getitel 'White Racism and Black Consciousness' wat in Januarie 1971 deur Steven Bantu Biko by 'n studentekonferensie in Kaapstad gelewer is.

Die oproep vir Swart Bewussyn is die positiefste oproep wat in 'n lang tyd deur enige groep in die swart wêreld gemaak is. Dit is meer as net 'n reaksionêre (verkrampte) verwerping van wittes deur swartes. Die kern (belangrikste) hiervan is die swartes se besef dat om 'n belangrike rol in hierdie politieke magspel te speel, hulle die konsep van groepsmag moes gebruik en 'n sterk grondslag daarvoor moes opbou. Aangesien hulle 'n histories, polities, maatskaplik en ekonomies onteiene (verstote) groep is, het hulle die sterkste fondasie waarvandaan hulle kan werk. Die filosofie van Swart Bewussyn gee dus uitdrukking aan groepstrots en die vasberadenheid van swartes om op te staan en die beoogde self te bereik. Die kern van hierdie tipe denke is swartes se besef dat die kragtigste wapen in die hande van die onderdrukker, die denke van die onderdrukte is. Wanneer laasgenoemde so effektief deur die onderdrukker gemanipuleer en beheer word dat die onderdrukte glo dat hy 'n las vir die wit man is, sal daar niks wees wat onderdrukte kan doen wat werklik die magtige oorheersers sal bangmaak nie. Daarom, as die swart man volgens die beginsels van Swart Bewussyn dink, sal hy homself as 'n mens sien (beskou), volledig in homself en nie net as 'n verlengstuk van 'n besem of 'n bykomende hefboom (beheer) van een of ander masjien nie. Op stuk van sake kan hy nie pogings deur enigiemand wat die betekenis van sy menswees wil verklein, toelaat nie. Wanneer dit eers gebeur, sal ons weet dat die ware man in die swart persoon na vore begin kom.

[Uit: *Steve Biko: I Write What I Like* geredigeer deur A Stubbs]

**BRON 1B**

Hierdie uittreksel fokus op die reaksie van die apartheidsregering op die filosofie van Swart Bewussyn.

Die regering het op SASO en die BPC begin toeslaan met inperkingsbevele wat op die leiers van die twee organisasies beteken is. Die BPC het egter teen die einde van 1973 met 41 takke landwyd gespog. 'n Vroeë terugslag vir die Swartbewussynsbeweging (SBB) het in Desember 1972 plaasgevind toe Mthuli Shezi, die BPC-visepresident, aan veelvuldige beserings dood is wat hy opgedoen het toe hy na 'n bakleiery met 'n wit spoorwegbeampte by die Germiston-stasie voor 'n aankomende trein ingestamp is. Shezi se dood en die verbanning van ander vakbondorganiseerders, Mafuna en Koka, in Maart 1973 het ook die SMB se pogings om op die terrein van vakbonde in te beweeg, belemmer.

Ander SASO/BPC-aktiviste wat in Maart 1973 verban is, het Biko en Pityana ingesluit terwyl baie ander pal in aanhouding was of in ballingskap gegaan het. Dit het tot die versplintering (afbreek) van SMB-strukture gelei. Die BPC se permanente organiseerder, Mangena, is in Augustus 1973 vyf jaar tronkstraf opgelê omdat hy na bewering twee polisiemanne vir militêre opleiding gewerf het; hy was dus die eerste BPC-lid wat op Robbeneiland opgesluit is. Van 1973 af het 'n geleidelike stroom mense in ballingskap begin gaan en in 1974 momentum gekry toe sommige gewese SMB-kaders, soos Keith Mokoape, wat heeltyd ten gunste van militêre opleiding was, uiteindelik by die geleedere van die ANC in ballingskap aangesluit het. Die verlies aan kaders het selfs buite Suid-Afrika se grense voortgegaan. Abraham Onkgopotse Tiro, wat in Botswana in ballingskap gegaan het nadat hy deur die Spesiale Tak (polisie) geteister is ná sy aanval op Bantoe-onderwys in sy toespraak by die gradeplegtigheid by Turfloop in April 1972, is in Januarie 1974 oorlede.

[Uit: *The Road To Democracy In South Africa Vol. 2* deur M Mzamane et al.]

**BRON 1C**

Hierdie uittreksel fokus op die invloed wat die filosofie van Swart Bewussyn in 1976 op die jeug van Soweto gehad het.

Sibongile Mkhabela, 'n leier van die SASM (Suid-Afrikaanse Studentebeweging) by Naledi High, onthou dat 'daar ernstige mobilisasie in die skole was en dit is hoofsaaklik deur SASM gedoen. SASM-lede het gesê daar kan nie toegelaat word dat hierdie situasie voortduur nie. Dit was die opbou tot die vergadering op 13 Junie'.

Byna 400 studente het op Sondag 13 Junie die vergadering in Orlando bygewoon. Dit was daar dat Tsietsi Mashinini, 19-jarige leier van die SASM-tak by Morris Isaacson (skool), 'n massabetoging teen Afrikaans die volgende Woensdag voorgestel het. Mashinini was 'n uiters dinamiese spreker en sy voorstel is met luide toejuiging ondersteun. 'n Aksiekomitee is gestig onder die leierskap van Mashinini en Seth Mazibuko, nog 'n charismatiese (sjarmante) vorm 2 (graad 9)-leerder wat die aanvanklike klasboikot by Orlando-Wes Junior Sekondêre Skool gelei het. 'Ons het gedink as ons die klaskamers verlaat en as 'n groot groep kom en die wêreld wys dat dit nou vir ons moeilik was in die skool,' het Seth Mazibuko onthou, 'iets gedoen sou word' ...

Op die koue, mistige oggend van Woensdag 16 Junie het groepe opgewonde leerders by die verskillende punte regdeur die township bymekaargekom ... Lang toue leerders van oor die hele township het op Orlando-wes toegesak. Teen 10:30 het meer as 5 000 leerders in Vilakazistraat byeengekom en nog het voortdurend opgedaag.

[Uit: *Soweto, A History* deur P Bonner en L Segal]

**BRON 1D**

Hierdie foto toon hoe die leerders van Soweto protesteer teen die gebruik van die Afrikaanse taal, 16 Junie 1976.



**WIL NIE  
AFFRIKAANS  
HÊ NIE**

**NA DIE DUIWEL  
MET AFRIKAANS**

[Uit: *Every Step of the Way: The Journey to Freedom in South Africa* deur M Morris]

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SUID-AFRIKA SE VERDEELDE VERLEDE HANTEER?****BRON 2A**

Hierdie uittreksel verduidelik die doelstellings van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK), wat in 1995 gestig is.

Die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) is gestig om onder meer die 'rehabilitasie en herstel van die menslike en burgerlike waardigheid van slagoffers van menseregteskendings' te fasiliteer. Hoofsaaklik deur die openbare verhore wat deur die Menseregteskendingskomitee gehou is, was die Kommissie se oogmerk om die stem en waardigheid van diegene wat voorheen uitgeskuif (gemarginaliseerd) is, te herstel en in die proses openbare erkenning daaraan te gee, wat algemeen beskou word as 'n hoofbydraer tot die genesings (helings)-proses.

Op daardie tyd was die WVK die eerste proses van herstellende geregtigheid wat openbare verhore gehou het en oorlewendes die geleentheid gegee het om hul stories in hul eie woorde te vertel. Hierdie verhore het 'n belangrike simboliese funksie gehad in 'n land waar die regeringstelsel op die ontkenning en stilmaak van veral swart stemme gegrond was.

... Die WVK het daarna gestreef om die kwessie van gemarginaliseerde stemme in die breër raamwerk van slagoffers aan te pak, en was bewus van geslagsvooroordele in die verloop en aanbieding van sy werk. Alhoewel die meerderheid van dié wat voor die Kommissie getuig het, vroue was, het hulle getuïenis in die meeste gevalle op die ervarings van hulle mans, seuns en vaders gefokus. Vroue as slagoffers het slegs 'n klein aantal van die sake wat voorgekom het, verteenwoordig.

[Uit: [www.wvl.wits.ac.za](http://www.wvl.wits.ac.za): Traces of Truth – The South African TRC. Toegang op 18 November 2013 verkry.]

**BRON 2B**

Die twee getuïenisse hieronder is op 29 April 1996 by die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WRK) in Johannesburg gelewer.

**Getuïenis 1: Die volgende getuïenis is dié van Rokaya Saloojee, vrou van die vermoorde aktivis, Suluman Saloojee. Hy is op 9 September 1964 deur die polisiemag in Johannesburg doodgemaak.**

Die weduwee van Suluman Saloojee, wat in 1964 in polisieaanhouding dood is, het gesê dat sy dood haar met 'n blywende haat vir sommige wittes gelaat het. 'As ek 'n wit polisieman sien, dan haat ek hom, is ek jammer om te sê,' het Rokaya Saloojee op die tweede dag van hul verhore in Johannesburg vir die Waarheids-en-Versoeningskommissie vertel.

Suluman Saloojee, 'n 32-jarige prokureursklerk, was in die Transvaalse Indiëkongres en die ANC aktief. Hy is op 6 Julie 1964 deur die polisie aangehou en het na bewering op 9 September van die sewende verdieping van die polisie-hoofkwartier na sy dood geval. Saloojee se nadoodse ondersoek het ongeveer vyf minute geduur, het Rokaya gesê. Die magistrat het haar nie toegelaat om vrae te stel nie en toe sy gevra het waarom haar man se klere vol bloed was, het hulle gesê: 'Dit is al.'

**Getuïenis 2: Die volgende getuïenis is deur James Simpson, 'n oorlewende van die Kerkstraat-bom op 20 Mei 1983 in Pretoria, gelewer.**

James Simpson is op 20 Mei 1983 deur 'n motorbom in Kerkstraat, Pretoria, beseer. Die bom, wat waarskynlik deur die ANC geplant is, het 19 mense gedood. Simpson het die Waarheids-en-Versoeningskommissie meegedeel dat hy in sy kantoor gewerk het toe die motorbom ontplof het. Die skerwe van die vensterglas het deur die kamer gevlieg, sy gesig is gesny en daar was splinters in sy oë. 'Toe ek in die straat kom, het ek gesien hoe motors brand en beseerde mense in die straat lê. My simpatie lê by die beseerdes wat nooit heeltemal herstel het nie.' Simpson het gesê om die bomplanters te kon vergewe, moes hy weet wie hulle was. Die twee mans wat die bom geplant het, is in die ontploffing dood. Toe hy deur die Kommissie-voorsitter, Aartsbiskop Tutu, gevra is wat hy van die mense wou hê wat die opdrag vir die bomaanval gegee het, het Simpson gesê: 'Net dat hulle moet erken dat hulle die opdrag gegee het.'

[Uit: *The South African Press Association Report on the TRC, 30 April 1996.*  
Aangehaal in C Culpin, *South Africa since 1948*]

**BRON 2C**

Die tabel hieronder toon hoe Suid-Afrikaanse burgers op die Waarheids-en-Versoeningskommissie gereageer het. Die opname is in 1998 deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing gedoen nadat die verslag van die WVK verskyn het. Die tabel hieronder is vir duidelikheid oorgetik.

<b>SUID- AFRIKANERS SE REAKSIE OP DIE WVK</b>	<b>BAIE SLEGTE DING</b>	<b>SLEGTE DING</b>	<b>GEENEEN/ WEET NIE</b>	<b>GOEIE DING</b>	<b>BAIE GOEIE DING</b>
<b>SWART</b>	6%	6%	15%	21%	51%
<b>BRUIN</b>	10%	12%	34%	27%	17%
<b>INDIËR</b>	23%	28%	9%	22%	18%
<b>WIT</b>	55%	17%	13%	12%	3%

[Uit: *Common Past, Divided Truth: The Truth and Reconciliation Commission in South African Public Opinion* deur G Theissen]

**BRON 2D**

Die uittreksel uit *Ubu and the Truth Commission* hieronder lig die kritiek teen die Waarheids-en-Versoeningskommissie uit.

Alhoewel dit bedoel was om genesing te bring vir die diep wonde wat in die land se geskiedenis gewortel was en om uitdrukking te gee aan die onreg wat gely is, is die Waarheids-en-Versoeningskommissie baie gekritiseer. Kritici het dit bevraagteken of die kommissie vorige onregte doeltreffend ontmasker het of maar net 'n pleister opgeplak het. Sommige het gegrief gevoel oor die kommissie se uitbuiting van individuele trauma; die kommissie het dikwels pynlike, persoonlike weergawes van verlies en worsteling openbare voorbeelde gemaak om 'n gemeenskaplike aanspraak te regverdig. Dit het emosies opgeswee, maar bitter min gedoen het om verandering teweeg te bring. Weens inherente verskille tussen die emosies van die getuies en die vertaling van wat hulle vertel het, het baie van die emosionele impak tydens vertaling verlore gegaan; getuies het naderhand gehard geraak teen die hartverskeurende getuïenisse oor die tragiese gebeure. Daarby het die kwytskelding van die apartheidsregering se menseregteskendings baie swart Suid-Afrikaners kwaad gemaak wat geglo het dat vervolging en skuldigbevinding die enigste manier was waarop geregtigheid kon seëvier. Die familie van die anti-apartheidsaktivis, Steve Biko, het veral amnestie vir sy moordenaars teengestaan omdat hulle aangevoer het dat die kommissie ongrondwetlik is. Ten spyte van strukturele foute en tekortkominge, het die Waarheids-en-Versoeningskommissie bewys dat dit met die oog op versoening vir beide die nasie en die staat noodsaaklik was.

[Uit: *Ubu and the Truth Commission* deur J Taylor]



**VRAAG 3: WATTER IMPAK HET GLOBALISERING GEHAD OP EKONOMIESE BETREKKINGE TUSSEN LANDE IN DIE NOORDELIKE EN SUIDELIKE HALFROND?****BRON 3A**

Die volgende is gebaseer op 'n toespraak, 'Working for a Better Globalisation', wat op 28 Januarie 2002 deur Horst Köhler, die besturende direkteur van die Internasionale Monetêre Fonds tydens die Verenigde State van Amerika se Konferensie van Katolieke Biskoppe in Washington DC gelewer is.

Globalisering is die proses waardeur 'n toenemende vrye vloeï van idees, mense, goedere, dienste en kapitaal aanleiding gee tot die integrasie van ekonomieë en samelewings. Dit word dikwels beskou as 'n onomkeerbare (permanente) mag wat op die wêreld afgedwing word deur sekere lande en instellings soos die IMF en die Wêreldbank. Dit is egter nie waar nie. Globalisering verteenwoordig 'n politieke keuse ten gunste van internasionale ekonomiese integrasie, wat grotendeels met die versterking van demokrasie gepaardgaan. Juis omdat dit 'n keuse is, kan dit bevaagteken word, en selfs omgekeer word, maar slegs teen 'n hoë prys vir die mensdom. Die IMF glo dat globalisering baie potensiaal het om tot die groei by te dra wat noodsaaklik is om 'n volhoubare afname van wêreldarmoede te bereik ...

Handelsliberalisering is die beste vorm van hulp vir selfhulp, omdat dit lande in staat stel om vry te kom van hulle afhanklikheid van buitelandse hulp en ook omdat dit 'n wen-wen-spel is; alle lande kan by vryer handel baat. Die ware toets vir die geloofwaardigheid van ryk lande se pogings om armoede te bestry, lê in hulle bereidwilligheid om hul markte oop te stel en om handelsubsidies uit te faseer in gebiede waar ontwikkelende lande 'n betreklike voordeel het soos in landbou, verwerkte voedsel, tekstiele en klere, en ligte vervaardigers.

[Uit: <http://www.imf.org/external/np/exr/ib/2002/031502.htm>.  
Toegang op 15 Desember 2013 verkry.]

**BRON 3B**

Hierdie toespraak deur die gewese President van Suid-Afrika, TM Mbeki, is op 25 Mei 2007 by die Viëtnamese Instituut van Internasionale Betrekkinge gehou. Die titel van sy toespraak was 'Globalisation and Related Matters'.

Rykes is vandag nog ryker en uitspattiger (verkwistend) terwyl biljoene mense steeds in ellende leef, 'n punt wat baie bondig deur die destydse administrateur van die Verenigde Nasies se Ontwikkelingsplan (VNOP), Mark Mallock Brown, gemaak is toe hy gesê het: 'In groot dele van die wêreld is ongelykheid besig om toe te neem, beide in en veral tussen ryk en arm lande.' Ons Menslike Ontwikkelingsverslag beraam dat die inkomstegaping tussen die een-vyfde van die wêreldbevolking wat in die rykste lande woon en die een-vyfde in die armste lande in 1997, 74 tot een was. Dit is 'n styging van 60 tot een in 1990 en 30 tot een in 1960.

Rykes en invloedrykes van die ontwikkelde wêreld, wat hulle 'orals moet ingrawe, orals moet vestig, orals konneksies moet vorm' kan hierdie verskynsel van globalisering as 'n belangrike platform beskou van waar hulle hulle rykdom kan vergroot en hul mag kan beveilig, en daardeur die algehele onderdrukking van die arm streke van die wêreld kan handhaaf. Vir dié van ons uit die ontwikkelende lande moet globalisering duidelik die geleentheid beteken om ons lande 'n sprong te laat maak na die kritieke fase van ontwikkeling en om daardeur armoede en onderontwikkeling te oorwin terwyl buitelandse kulturele oorheersing teengestaan word en ons politieke en sosio-ekonomiese onafhanklikheid behou word.

Saam het ons die plig om te verseker dat ons mense 'n beter lewe geniet. Een van die dinge wat ons moet doen om hierdie doelwit te bereik, is om sterk suid-suid-vennootskappe te sluit wat ons vergelykbare voordele wêreldwyd inspan en, onder andere, om ons vermoëns te gebruik om die neiging te verander waar die meeste ontwikkelende lande die uitvoerders van hoofsaaklik grondstowwe is.

[Uit: <http://www.dirco.gov.za/docs/speeches/2007/mbeki0531.htm>.  
Toegang verkry op 15 Desember 2013.]

**BRON 3C**

Hierdie artikel deur A Shah beskryf hoe Strukturele Aanpassingsplanne bygedra het tot die armoede van lande in die Suidelike Halfrond en hoe lande in die Noordelike Halfrond verryk is.

**STRUKTURELE AANPASSING – 'N HOOFORSAAK VAN ARMOEDE**

Na 'n ideologie bekend as neo-liberalisme, en onder leiding van hierdie en ander instellings bekend as die 'Washington Konsensus' (geleë in Washington DC), is Strukturele Aanpassingbeleide (SAB'e) ingestel om skuldvereffening en ekonomiese herstrukturering te verseker. Maar die wyse waarop dit gebeur het, noodsaak arm lande om besteding op dinge soos gesondheid, onderwys en ontwikkeling te verminder terwyl skuldvereffening en ander ekonomiese beleide die prioriteit gemaak word. In werklikheid het die IMF en Wêreldbank daarop aangedring dat arm lande die lewenstandaard van hul mense verlaag.

Soos verder hieronder verduidelik, verskaf die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) en die Wêreldbank finansiële bystand aan lande wat dit vra, maar pas 'n neo-liberale ekonomiese ideologie of agenda toe as 'n voorvereiste om geld te ontvang.


Byvoorbeeld: Een van die vele dinge wat die invloedryke lande (deur die IMF, Wêreldbank, ensovoorts.) voorskryf, is dat die ontwikkelende nasie ontvanklik moet wees om meer invoere toe te laat en om meer van hulle kommoditeite uit te voer. Dit is egter presies wat tot armoede en afhanklikheid bydra ...

Ontwikkelde lande word ryk deur kapitaalintensiewe (dus goedkoop) produkte teen hoë pryse te verkoop en deur arbeidsintensiewe (dus duur) produkte teen lae pryse te koop. Hierdie handelswanbalans vergroot die gaping tussen ryk en arm. Die rykes verkoop produkte om te verbruik, nie instrumente om te produseer nie. Dit handhaaf die monopolisering (die alleenbesit) van die produksie-instrumente, en verseker 'n voortgesette mark vir die produk. (Die beheer van instrumente van produksie is 'n strategie van 'n merkantilistiese (kapitalistiese/besigheids-) proses. Hierdie beheer vereis dikwels militêre mag.)

[Uit: <http://www.globalissues.org/article/3/structural-adjustment-a-major-cause-of-poverty>.  
Toegang verkry op 15 Desember 2013.]

**BRON 3D**

Hierdie spotprent getitel 'Striking a Green Deal' is in November 1993 op die blog van die Ekonomiese Ontwikkelings- en Navorsingsentrum in Brussel (België) gebruik tydens hulle Internasionale Konferensie oor Omgewingsaspekte van Europa se Noord-Suid Ekonomiese Betrekkinge. Die datum en outeur van die spotprent is onbekend. Party woorde is vir duidelikheid oorgetik.



[Uit: <http://www.edrc.net/ActivitiesText.htm>. Toegang verkry op 15 Desember 2013.]

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Bond, P. 2003. *Talk Left, Walk Right*, University of Natal (Durban)

Bonner, P en Segal, L. 2012. *Soweto: A History* (Maskew Miller Longman Kaapstad)

Culpin, C. 1996. *South Africa since 1948* (Maskew Miller Longman Kaapstad)

<http://www.dirco.gov.za/docs/speeches/2007/mbeki0531.htm>. Toegang verkry op 15 Desember 2013.

<http://www.edrc.net/ActivitiesText.htm>. Toegang verkry op 15 Desember 2013.

<http://www.globalissues.org/article/3/structural-adjustment-a-major-cause-of-poverty>. Toegang verkry op 15 Desember 2013.

<http://www.imf.org/external/np/exr/ib/2002/031502.htm>. Toegang verkry op 15 Desember 2013.

Morris, M. 2004. *Every Step of the Way: The Journey to Freedom in South Africa* (Kaapstad. HSRC Press)

Mzamane, M. et al. *The Road to Democracy in South Africa Vol. 2 (1970–1980)* (UNISA Drukkery, 2006)

Stubbs, A. 2009. *I Write What I Like, Steve Biko. A Selection of his Writings* (Picador Africa)

Taylor, J. 1998. *Ubu and the Truth Commission* (University of Cape Town Press, Kaapstad)

Theissen, G. *Common Past, Divided Truth: The Truth and Reconciliation Commission in South African Public Opinion*

[www.wvl.wits.ac.za](http://www.wvl.wits.ac.za): Traces of Truth – The South African TRC.